# Die hart van die mens – Deel 3

### Die boom

Ek deel gereeld oor die hart, en ek wil hiermee graag nog ‘n gedeelte oor die tema van die hart deel. Kom ons spring weg met ‘n Skrif wat ek aan die begin van die reeks nogal baie gebruik het.

> *Matt 12:33 “Julle moet óf die boom goed maak en sy vrugte goed, óf julle moet die boom sleg maak, en sy vrugte sleg, want aan die vrugte word die boom geken.”*

Hoe weet ons dit is ‘n appelboom? Ons sien hy dra appels. ‘n Peerboom dra pere. Wat uit ‘n persoon se mond uitvloei is die vrug van dit wat diep in die hart aangaan.

> *12:34 “Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge **praat** terwyl julle sleg is? Want uit die **oorvloed van die hart praat die mond**.*

> *12:35 “Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.”*

### Die tong gee rigting vir ons lewens

Wat dus hier binne die hart aangaan, is ook wat uit ons mond gaan uitkom. As ons kyk na Jakobus hoofstuk 3 waar Jakobus van die tong praat, sê hy die tong is soos die roer van ‘n skip. Al vaar die skip groot golwe en rowwe seë in, waar sterk winde dit heen en weer waai,

kry dit nogsteeds rigting vanaf die klein roer; en daardie roer is ons tong. Ons tong praat wat uit die hart uitkom, en wat uit die hart uitkom, was eens op 'n tyd soos 'n klein saadjie wat daar in die hart geplant was. 'n Mens moet daarom versigtig wees wat jy in die hart plant.

### Die skat van die hart

In vers 35 van Matthéüs 12 praat Jesus van die *skat* van die hart. Die Engelse Bybel gebruik die woord *"treasure".* 'n Skat is iets wat jy weggebêre het. 'n Mens moet dan versigtig wees wat jy in jou hart wegbêre.

> *Matt 6:19 "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;*
>
> *6:20 "maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;*
>
> *6:21 "want waar julle skat is, **daar sal julle hart ook wees**."*

Daar is 'n verwantskap tussen die skat en die hart. Hy praat hier van iets wat 'n mens doelgerig doen – ons maak skatte bymekaar, en ons moet versigtig wees watter skatte ons bymekaar maak.

Kom ons kyk na wat Paulus in Galásiërs sê:

> *Gal 6:7 "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.*

*6:8 "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai."*

**Die saad wat in ons hart gesaai is**

Hierdie skat is dus gelykstaande aan iets wat ons saai. Dit is saad wat ons in ons lewens saai. Dit is iets wat jy doelgerig doen. Jy saai óf goeie saad óf slegte saad. Daardie saad wat jy saai, gaan groei. Jy saai miskien een klein saadjie, maar daardie saadjie groei en word 'n plant wat baie saad maak. Daardie saadjies vermenigvuldig verder en verder. Wat jy saai, gaan jy maai. En *wat jy oes is altyd BAIE meer as wat jy gesaai het*.

Mense gebruik die Skrif gewoonlik as 'n waarskuwing van die negatiewe, *"Wat jy saai, gaan jy maai."* Maar vriende, daar is ook 'n positiewe aspek daaraan. As jy goeie dinge wil oes, moet jy goeie dinge saai, en dit is jou hart waarin jy dit saai.

Ek het as tienerjarige seun Milton hoërskool in Bulawayo, Zimbabwe bygewoon en ek was daar in die koshuis gewees. Toe ek omtrent 16 jaar oud was, was daar 'n ander seun saam met my in my ouderdomsgroep. Hy was 'n onbeskofte seun gewees. Hy het lelik gepraat en almal om hom vies gemaak. Daar was talle kere wat ek baie vies geword het vir hierdie jong man. Op 'n dag maak hy my weer baie kwaad, en ek besluit toe dat ek genoeg gehad het, en dat ek die volgende keer dat hy dit aan my sou doen, hom sou vloek. Ek was egter nie 'n outjie wat gevloek het nie. Ek is so grootgemaak dat 'n mens dit net nie doen nie. Maar ek het my voorgeneem

om die volgende keer dat hy my so behandel, hom lelik te vloek.

Dit gebeur toe ook dat hy my weer lelik vies gemaak het, en ek vloek hom. Ek het hom met vieslike woorde gevloek! Weet jy wat gebeur? Die outjie het nie eers besef dat ek hom vloek nie. Hy was so gewoond aan lelik praat dat hy nie eers agtergekom het dat ek sulke lelike woorde aan hom sê nie.

Ek het daar as 'n 16-jarige jong man besluit dat ek myself nie sou verlaag vir daardie outjie nie. Ek het besluit dat ek mooi sou praat, want dit is wie ek is en dat ek myself nie sou verlaag nie. Van daardie dag af het ek nog nooit weer gevloek nie. Ek saai nie daardie dinge in my hart nie. En omdat ek van kind af dit nie in my hart gesaai het nie, kom dit nooit uit my mond uit nie. Die goeie dinge wat ek in my hart saai, is wat uit my mond uitkom, en *dit is wat my lewe rigting gee*. 'n Mens moet dus versigtig wees wat jy in jou hart saai, want wanneer jy onder druk verkeer, sal wat jy in jou hart gesaai het beslis by jou mond uitkom – goed of sleg.

### Bewaar jou hart

Daar is 'n interessante vers in Spreuke.

> *Spr 4:23 "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."*

Dit is 'n pragtige vers – bewaak jou hart. Daar is baie Skriftgedeeltes wat oor die hart praat; Psalm 1 is ook so 'n gedeelte. In die eerste Psalm praat Dawid oor die plekke waar hy tyd deurbring, en die plekke wat hy

vermy. Hy gaan nie by die spotters en vieslike mense sit nie. Hy gaan eerder tyd in die Woord deurbring. En dit is wat ek ook in my lewe – my hart - saai. Ek saai die Woord. Ek bestee tyd aan die Woord, en dit waaraan ek doelgerig tyd gee, is ook dan wie ek word. So 'n mens is dan soos 'n boom wat by waters van lewe geplant is; hy dra sy vrug reg deur die jaar. Sy blare verlep nooit nie, want sy wortels is in die water gevestig.

Dit is wat gebeur wanneer ons die Woord van die waarheid gedurig in ons lewe saai. Omdat ons dit doen, dra ons vrug, en dit is goeie vrug. Wat dan uit ons mond uitkom, is die bewys van die goeie skat wat as saad in ons hart geplant was.

*"Bewaak jou hart ..."* Wees versigtig wat jy daarin plaas. Wees versigtig wat jy in jou hart saai, *"... meer as alles wat bewaar moet word."*

Hierdie is dus 'n primêre element; dit moet ons top prioriteit wees. Dit is geweldig belangrik wat jy met jou hart doen, hoe jy jou hart bewaar, want daaruit – uit die hart – is die oorsprong van die lewe. Die Engels noem dit die *"springs of life",* die oorsprong van die lewe. As jy waarlik 'n lewe van oorvloed wil hê, is dit belangrik dat jy let op wat jy in jou hart saai; wees bedag op die saad wat jy in jou hart saai.

Die Skriftgedeeltes met hierdie beginsels kom reg deur die Skrif voor - vanaf Genesis tot Openbaring. Toe ek hierdie dinge ontdek het, het ek nie besef dat die Bybel so baie oor die hart te sê gehad het nie. In Deuteronomium gee God vir Moses wette. Mense oor die algemeen dink dat die wet 'n verskriklike ding is. Die wet is egter dit wat lewe gee. God sê 'n hele paar keer in

Deuteronomium, *"As julle My wette onderhou, sal julle lewe. Julle as 'n nasie sal lewe."* Hierdie is een van daardie gedeeltes:

> *Deut 4:9 "Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede ..."*

Is dit nie interessant nie: *"Wees terdeë op jou hoede".* Met ander woorde, wees versigtig wat jy met jou hart doen.

> *4:9 "... dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie* (uit jou hart nie wyk nie)*; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak."*

## Vir ons kinders en kindskinders

'n Mens sien gedurig die verhale wat die Bybel vertel. Hebreërs hoofstuk 11 herinner ons aan al die manne en vroue van geloof; wat hulle gedoen het, hoe hulle die Here vertrou het en wat in hul lewens gebeur het. Daardie verhale is herinneringe vir ons, vir ons kinders en ons kleinkinders. En ons moet daaroor praat; dit moet in ons harte wees en dit moet voortdurend as woorde en as herinneringe uit ons harte kom.

*"Dit is wat die Here gedoen het; dit is hoe Hy vir Dawid en vir Samuel en vir Daniël in moeilike tye gehelp het ..."*

Hoe meer ons daaroor praat, hoe meer bevestig ons die waarheid daarvan, die waarheid dat ons die Here kan vertrou. Dit is daardie saad van waarheid waaruit ons geloof groei. As God dit vir hierdie helde van ouds gedoen het, kan hy dit sekerlik ook vir my doen. Daardie

is saad wat ons in ons harte saai, die herinneringe. Ek lees dit net weer:

> *"Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie."*

Moet dit nie vergeet nie. Hou dit voortdurend voor jou oë; hou die herinneringe van die goedheid van die Here gedurig in jou hart. Onthou die krag van die Here en hoe Hy vir Israel deur die moeilike tye gehelp het, en hoe Hy vir verskillende individue, Dawid en Daniël en al die helde van geloof in Hebreers hoofstuk 11, bygestaan het. Hy sê aan die einde van Hebreërs 11,

> *Heb 11:32 "Wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,"*

Ek sal my ma altyd dankbaar wees. Toe ek 'n kind was, het sy elke dag by my bed kom sit en die verhale van die Bybel vir my gelees. Ek het baie maal vir haar gevra om dit weer te lees, en weer, en weer. Daardie verhale het sy in my gevestig. Sy het verhale van waarheid in my gees gesaai. Dit is die boom wat ek nou geword het, van die saad wat daar gesaai is.

## Saai

Ek wil jou bemoedig. *Saai.* Wees terdeë op jou hoede wat jy nie net in jouself nie, maar ook in jou kinders en in jou kleinkinders saai. Maak seker dat jy gedurig oor waarheid praat, en oor die verhale van geloof, die verhale van die goedheid van die Here. Ons moet seker maak oor wat dit is wat ons in ons harte saai - vir onsself,

vir ons kinders en vir ons kleinkinders. 'n Saadjie is maar 'n klein dingetjie, maar *dit word 'n groot boom*.

**'n Groot bloekomboom**

Jare gelede in Zimbabwe ry ons na my broer se plaas in die Gutu omgewing om vir hom en sy familie te gaan kuier. Ons ry op die Enkeldorn/Gutu pad. Omtrent half pad tussen die twee dorpe is daar 'n lang randjie wat dwars oor die horison lê, en die pad kan nie om gaan nie, dit gaan reg oor.

Van 'n ver afstand af sien ek 'n groot bloekomboom wat heel bo op die hoogste punt van die rand staan. Ek kyk so na die boom en verwonder my daaroor. Ek besef dat dié boom elke wind wat van alle kante af waai, ten volle vang. Daar is geen skuiling vir daardie arme boom nie. Terwyl ek nog so dink en daaroor wonder, praat die Heilige Gees met my. Hy vra my,

> "As daar 'n reisiger is wat verdwaal het, wat sal hy gebruik as sy rigtingwyser?"

Ek antwoord dat hy natuurlik daardie boom sal gebruik omdat dit van baie ver af gesien kan word. Die Heilige Gees sê toe vir my dat as ek 'n hoë boom wil wees, sal ek dan bereid moet wees om die sterk winde van kritiek en oposisie te handhaaf. Dit is deel van die roeping van 'n leier – 'n rigtingwyser ...

**Bome van geregtigheid**

Jesaja 61 praat daarvan dat God ons geroep het om groot bome van geregtigheid te wees (die Engels gebruik die woorde, *"oaks of righteousness"*). 'n Groot boom

begin egter nie as ‵n groot boom nie. Daardie groot bome van geregtigheid begin as saadjies van geregtigheid. Ons het dus die voorreg om daardie saadjies van geregtigheid (om dinge reg te doen) en die saadjies van waarheid te neem en dit in ons harte, en in ons kinders en kleinkinders se harte te plant, want daardie saadjies gaan groot word; hulle gaan groot bome word.

Mag die Here ons elkeen help om goeie dinge te saai sodat ons groot rigtingwyser-bome van geregtigheid sal word.

Ek wil graag vir ons bid.

Liewe Heer, dankie vir U Woord, U wonderlike Woord wat soveel krag het, en wat so vol waarheid is. Ons glo U Woord en ons wil terdeë op ons hoede wees om onsself te herinner aan die waarhede van U Woord. Mag U ons help, liewe Heer, om daardie waarhede in ons eie lewens in te saai, en om dit in ons kinders en ons kleinkinders se lewens te saai.

Ek vra, Here, dat hierdie saadjies groot bome sal word. Mag U elkeen van ons help, en mag daardie saadjies wat gedurig van die lewende water van U Woord drink, net groter en groter word, totdat dit groot bome van geregtigheid sal word; stewige bome wat onbeweegbaar is, bome wat sal staan vir wat reg is. Seën ons elkeen, liewe Heer. Ons vra dit om U Naam’s ontwil.

Amen.